HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 23 VAN 2021

15 Junie 2021

Geagte Ouer/Voog, Personeel en Leerders

Kovid-19:

Ons is tans behoorlik in die greep van die virus.

Heelwat huise word direk geraak met iemand in die gesin wat positief is en die res van die gesin in isolasie. In verskeie huise is die hele gesin positief. Ons wens elkeen van hierdie gesinne baie sterkte toe en bid vir spoedige beterskap.

Met leedwese moet ons ook vermeld dat 'n oud-leerder, Llewellyn Raath (matriek 2004) weens Kovid sy lewe verloor het. Ons innige meegevoel met sy vrou en kind asook die res van die familie. Ons treur saam met julle en verlaat ons op ons Skepper vir vertroosting.

Aangeheg ons nuutste Kovid-statistiek. U sal sien dat daar 'n merkbare toename in positiewe gevalle is. Weer doen ons 'n beroep op almal om, veral in hierdie tyd, tuis te bly om die risiko van infeksie te minimaliseer. Onderneem slegs noodsaaklik ekskursies weg van die huis en beperk sosiale bedrywighede tot 'n absolute minimum. Vermy eerder enige kuier of samekoms van mense in die volgende paar weke. Self-isolasie syfers is nul vanaf Donderdag verlede week aangesien ALLE leerders tans tuis is.

Hou asb. ons leerders tuis in hulle kamers en agter hulle boeke. L.W.: GEEN partytjies of "kuiers" kan nou gehou word nie. Kinders MOET by die huis bly!!

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek									
Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo
Maand		Junie							Junie
Datum		7	8	9	10	11	14	15	16
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	5	5	6	6	6	9	10	
	Herstel van Kovid-19	4	4	4	4	4	5	5	
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**1**	**1**	**2**	**2**	**2**	**4**	**5**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	1	1	2	3	3	4	3	0
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	1	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	22	23	23	25	26	35	37	
	Herstel van Kovid-19	15	15	16	16	16	16	20	
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**7**	**8**	**7**	**9**	**10**	**19**	**17**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	29	46	55	0	0	0	0	
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	2	3	2	0	0	0	0	
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	27	28	29	31	32	44	47	0
	Herstel van Kovid-19	19	19	20	20	20	21	25	0
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**8**	**9**	**9**	**11**	**12**	**23**	**22**	**0**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe (nié-skool) geval	30	47	57	3	3	4	3	0
	Komorbiditeit afwesig	2	3	2	0	0	0	1	0

Met die toetsreeks wat Donderdag begin, verwys ons u na ons vorige omvattende omsendbrief oor die verloop van gebeure en toetsroosters met wysigings.

Let asb. op die volgende:

1 Positiewe Kovid-gevalle word afwesig gemerk en skryf nie toetse nie. Hulle moet ook vir die volle tydperk van tien dae isoleer en MAG nié voor die tyd terugkom skool toe nié – al wys hulle geen meer simptome nie, moet hulle vir tien dae afwesig wees.

2 Leerders in isolasie wat **geen** simptome wys nie, moet toetse skryf in die isolasie-lokaal soos reeds verduidelik.

3 Leerders wat siek is – hetsy in isolasie of anders, moet tuis bly en nie toetse skryf nie. Voorsien in sulke gevalle die skool van 'n mediese sertifikaat van afwesigheid.

4 Toetse geskeduleer vir Saterdae impliseer gewone skooltye en skoolklere asof 'n normale weeksdag.

Ons maak staat op almal se samewerking. Sou ons as 'n kollektief nou die verspreiding van die virus kan beperk, wys die meegaande grafiek wanneer ons geen meer positiewe gevalle sal hê nie. Dit is 'n ideale scenario waarheen ons in ons denke en optrede moet neig. HELP asb. dat ons so gou moontlik daar kan kom.



Vriendelike groete.

P. Booysen: Hoof